**VEGTERS VIR DIE NAAM VAN GOD OF JONGMENSE WAT GOD VRYMOEDIG NADER?**

Jy stap in die kerk in en die diaken stop ŉ pamfletjie in jou hand. Dit lyk amper soos volg:

Watter deel van die gebod verstaan ons nie?
Jy mag die Naam van die Here nie misbruik nie.
Ex 20: 7
Talle TV programme, rolprente en verhoogproduksies
het taalwaarskuwings
"Kies versigtig" "Kies met verantwoordelikheid"
"Kies met Christelike integriteit

Onder steun die Jesus Projek en sê nee vir elke
vorm van die misbruik van God se naam en
die aantasting van sy eer.

SMS "Jesus" aan 38090 en skenk R10
per sms vir hierdie werk
Die *Jesus Projek*
www thenameofgod com Tel/faks 011 665 2516

Hierdie pamfletjie word sommer die oggend ŉ preek vir jongmense. Jy moet nou as jongmens deel word van hierdie aksie. Dis die boodskap van die dag. ŉ Aksie wat Christene mobiliseer om te gaan veg teen die misbruik van God se naam in flieks, op TV en op die verhoog. ŉ Aksie teen die kunstenaars van die land.

Wat is die probleem?

God en Jesus se naam word in flieks, op TV, in rekenaarspeletjies en op die verhoog as kragwoord gebruik.

Hoekom word God se naam as kragwoord gebruik?

- Vir publisiteit: Dit trek mense se aandag. As jy jou eie naam as ŉ kragwoord gebruik, trek jy niemand se aandag nie, maar as jy God se naam gebruik, dan trek jy baie aandag.
- Vir kragvertoon: As jy God se naam sommer so vir alles gebruik, dan wys dit jy en God is gelyk.
- Vir wins: Jy wys dat jy God se naam kan gebruik tot jou eie voordeel.

Hoe stop ŉ mens dit? Hoe stop ons die misbruik van God se naam in die media?

Ds. Jannie wys jou dat jy moet deelneem aan sy "Jesus Projek". Hy sien die jongmense as sy aksietroepe, sy godsdienstige vegters, net soos jong Moslemssoldate, wat moet voorloop en veg teen die misbruik van God se naam.

Kom ons kyk ŉ bietjie na sy "Jesus Projek"!

Wat word op die pamfletjie geadverteer? Die “Jesus Projek”. Hierdie is ’n logo, ’n handelsmerk! Waarvoor word God se naam op hierdie pamfletjie gebruik? God se naam word as ’n logo gebruik.

Hoekom?

Dis vir publisiteit. Dis om aandag te trek. Sou hierdie dominee net soveel aandag getrek het met die “Jannie Projek”?

Wat noem ’n mens dit as ’n dominee God se naam gebruik om aandag te trek? Dis mos die misbruik van God se Naam!

Wie se projek is hierdie “Jesus Projek” ? Die “Jesus Projek” moet mos Jesus s’n wees! Maar dis dominee Jannie se projek! Hoekom noem dominee Jannie sy projek, “Jesus se Projek?

As dit die “Ds. Jannie” projek was dan kon jy mos besluit of jy lus is, saam stem of hou van ds. Jannie en sy projek. Maar as dit Jesus se projek is, wat dan? Kan jy nou nog kies of is jy nou as Christen verplig om deel te neem?

Deur sy projek die “Jesus Projek” te noem, skep Jannie die indruk van kragdadigheid. Hy en Jesus is gelyk! As hy ’n projek aanpak, dan pak Jesus dit ook aan!

Dis mos die misbruik van God se Naam!

Waarvoor gebruik ds. Jannie die naam “Jesus” as hy sê: “SMS “Jesus” aan 38090 en skenk R10 per SMS vir hierdie werk”. Jesus se naam is nou ’n SMS kode, ’n SMS “tag” om geld in te samel. Hy gebruik Jesus se naam vir wins!

Waarvoor gebruik ds. Jannie God se naam onder aan die pamfletjie? Vir ’n webwerf! “www the name of God” Kyk maar op die internet, dis regtig ds. Jannie se webwerf naam. Hy gebruik God se naam vir Jannie se webwerf!

Wat wil hierdie pamfletjie vir jou sê? Veg teen die misbruik van God se naam deur God se naam te misbruik!

Lekker vreemd!

Kom ons kyk ’n bietjie na Kolossense 2: “[20] Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte [21] soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”? [22] Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. [23] Hierdie leerstellings het wel ’n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.”

Kyk na vers 23!

Hierdie leerstellings het ʼn skyn van wysheid. Skyn van wysheid beteken dit lyk of dit regtig die wil van die Here is, maar dit is nie.

Hoe lyk al ds. Jannie se reëls om teen die misbruik van God se naam te veg? Dit lyk asof dit is wat die Here wil hê. God wil mos hê ons moet vegters vir die eer van sy Naam wees! Maar dit is nie. Dit is die misbruik van God se Naam terwyl ʼn mens maak asof jy daarteen veg.

Vers 23 praat van ʼn selfgemaakte godsdiens. Dis godsdiens. Maar God maak dit nie. Mense maak dit. Mense kan mos nie vir God besluit hoe Hy gedien moet word nie. God sal self besluit hoe Hy gedien moet word.

Wat is ds. Jannie se godsdiens, sy godsdiens waar hy vir die eer van God se naam ʼn bestuurder is en vegters oproep vir die naam van God? Is dit die godsdiens wat die Here maak; om sy naam vir eie publisiteit te gebruik; sy naam te gebruik as ʼn webwerfnaam, ʼn SMS kode en as ʼn handelsnaam vir ʼn projek?

Ds. Jannie se godsdiens is ʼn selfgemaakte godsdiens!

Vers 23 praat van danige nederigheid. Nederigheid beteken dat jy jou plek as mens voor God ken. Jy weet wie Hy is en jy weet wie jy is. Hy is God en jy ʼn mens. Daarom gedra jy jou voor God soos ʼn mens: afhanklik, aangewese op God, gehoorsaam en diensbaar aan sy wil. Jy gedra jou nooit as God se gelyke nie. Om jou nederig te hou maar as God se gelyke te sien, is danige nederigheid. Lyk soos, maar is nie.

Hoe gedra ds. Jannie hom voor God met sy “Jesus Projek”

Hy sal baie saggies en mooi praat van die Here, hom verskriklik stil en stemmig hou, en lank stil bly in gebed. Maar kyk! Sy projek is “Jesus se Projek”! Sy webwerf se naam is God se naam! Jesus se naam is vir hom sy eie SMS kode en sy handelsproduk se logo dra Jesus se naam.

Jannie ervaar en sien homself as God se gelyke!

Danige nederigheid! Lyk soos, maar is nie

Vers 23 praat van ʼn streng beheersing van die liggaam wat geen waarde het vir die beteueling van die sondige drifte het nie.

Ds. Jannie se projek gaan oor ʼn streng beheersing van die liggaam. Hy soek jongmense wat vegters moet wees dat mense nie God se naam as kragwoord op die TV, in rekenaarspeletjies, op die verhoog of in flieks moet gebruik nie. Hulle moet boikot-aksies uitvoer om druk op die media te plaas. Wie is die fliekvlooie en TV siele? Dis jongmense! Hulle is die mense wat nou vegters vir Jannie se “Jesus Projek” moet word.

Maar kyk wat sê vers 23! Streng beheersing van die liggaam! Om nie die Name “Jesus”, “God”, “Here” as kragwoorde in die media te gebruik nie, of in die openbare lewe nie, is net streng beheersing van jou liggaam. Dis jou mond en jou taal. Jy sê nooit hierdie woorde nie.

Maar dit het geen waarde om jou sondige drif te beteuel nie.

Wat is ons sondige drifte?

Dis om een en gelyk met God te wees. Dis om soos God te wees.

Wat gebeur in ds. Jannie se projek?

Hulle leer mekaar om nooit met hulle mond die Here se naam as vloek woord te gebruik nie, maar in elke aksie wat hy veg dat God se naam nie as vloekwoord gebruik word nie, is hy besig om die naam van God te misbruik.

Ds. Jannie se dissipline om nie te vloek nie, help hom niks met sy eie sondige drif om God se Naam te misbruik nie. Hy veg teen mense wat God se naam as vloekwoord gebruik, maar dit help niks. Hy self gebruik God se naam vir publisiteit, vir wins, om sy projek te regverdig en te bemark.

Hierdie godsdiens van ds. Jannie is vir ’n baie groot deel van die kerk die godsdiens wat dominees vir jongmense uitdink. Dit is die kamp- en jolgodsdiens. Dit is eenvoudige en simpel godsdiens. Want dis nie godsdiens nie. Dis afgodsdiens.

Maar die jongmense hou daarvan, sê hierdie jongmens dominees vir ander dominees in die kerk. Dan moet die ander dominees stilbly want hierdie “Jannie” dominees weet beter omdat hulle altyd met jongmense kamp en speletjies speel.

Kan dit waar wees?

Wil jy graag ’n vegter vir ds. Jannie se boikotte, gevegte en demonstrasies word teen die gebruik van God se Naam as vloekwoord, terwyl ds. Jannie se projek God se Naam misbruik?

Of wil jy deel van ’n godsdiens wees wat die regte dinge kan raaksien waaroor dit regtig in die godsdiens gaan?

Dit is wat ons op hierdie webwerf gaan doen. Die regte dinge, waaroor dit regtig gaan te wys en die simpel en eenvoudige dinge wat aan jongmense opgedis word asof hulle te dom is vir die regte godsdiens, uit te wys.